

## **Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-4:1, 3 (33:1, 3)**

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,  
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!  
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,  
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.
- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,  
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.  
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde is ongeregtigheid!  
Maar ons lewe uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!"

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

### **Amen.**

#### Lofpsalm 146:1, 4, 8 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!  
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof  
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 4 Dis die HEER wat aarde en hemel, / die getuies van sy mag,  
met die see en wat daar wemel, / voortgebring het deur sy krag;  
wat, onwrikbaar in sy trou, / altyd sy beloftes hou.
- 8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,  
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die HEER.  
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die HEER!

#### Geloofsbelydenis: Nicea

##### Wet

#### Psalm 86:3, 6 (p. 432)

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;  
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.  
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!  
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smeek.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;  
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.  
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,  
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

##### Gebed

#### Psalm 33:6, 11 (p. 159)

- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.  
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.  
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;  
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.
- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;  
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.  
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;  
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

**Skriflesing:** Deuteronomium 6:1-25

**Kernverse:** Deuteronomium 6:4-7

**Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE. Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees. En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte skrywe.**

(Deuteronomium 6:4-7 AFR53)

**Tema:** Geloofsgehoorsaamheid is om God se liefde met liefde te beantwoord

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, liefde is beslis die begrip en eienskap wat eie is aan ons God. As 'n mens in net drie woorde moet sê hoe God is, sal ons Johannes in sy eerste brief aanhaal en sê:

... **God is liefde.** (1 Johannes 4:8 AFR53)

In hierdie drie woorde hoor ons nie iets van dwang nie. In hierdie woorde leer ons God nie ken as iemand wat ongevoelig 'n mens aan sy nekvelle vat en dwing om iets te doen nie. Ons hoor eerder die hartklop van 'n Vader wat sy kinders met liefde oortuig van sy bemoeienis met hulle. Met liefde oortuig Hy hulle dat Hy regtig omgee vir hulle, dat Hy hulle wil versorg en seën met onuitspreeklike voorspoed.

Nêrens in die Bybel leer ons die Here eerste ken as 'n Wetgewer en 'n Wetstoepasser nie. Iemand wat maar net 'n wetgewer is, maak wette op 'n koue en onpersoonlike manier. Vir so iemand gaan dit oor wat reg is ter wille van die staat en die burgers in die land. As 'n mens die wette van 'n land lees, kry jy nie die gevoel dat die skrywers van hierdie wet vir jou omgee of jou selfs ken nie. En 'n wetstoepasser het net so min omgee in sy hart vir jou as die wetgewer. Die wetstoepasser het woorde op papier – 'n wet tussen hom en jou. En met die gesag wat hy ontvang het, moet hy daardie wet toepas. As jy 'n wet oortree, die wetstoepasser nie besorg oor jou omstandighede nie; hy pas net toe wat op papier geskryf staan. Sommige van ons het al met hierdie koue en onpersoonlike toepassing van wette te doen gekry. 'n Verkeerskonstabel skryf met 'n strak uitdrukking op sy gesig 'n boete uit wanneer jy te vinnig gery het. Hy gee nie 'n flenter om oor hoe jammer jy is nie. Hy doen net sy werk.

Teenoor hierdie koue en onpersoonlike houding van 'n wetgewer en 'n wetstoepasser leer ons God juis ken as iemand wat besorg is en liefde in oorvloed betoon. Toe die Here Israel in Egipte hoor kla het, het Hy hulle nood ter harte geneem. Hy het hulle immers lief, want Hy het Homself aan hulle verbind toe Hy sy verbond met hulle voorvader Abraham gesluit het. Omdat God al van Abraham se tyd af aan die nageslag van Abraham verbind is, het Hy sy plan om liefde aan Israel te bewys lank te vore in werking gestel. Moses is die man wat die Here nog voor sy geboorte gekies het en deur wie die Here sy liefde konkreet gaan maak. En toe die regte tyd aangebreek het, het die Here Moses geroep en die opdrag gegee om Israel uit Egipte uit te lei na die beloofde land toe.

Israel moes nie eers hulle liefde vir die Here bewys voordat Hy iets met hulle te doen wou hê nie. Net omdat die Here uit genade Homself aan hulle verbind het, het Hy sy verlossingsplan begin uitvoer toe Hy hulle gekerm in Egipte hoor. Ons ken nou die

geskiedenis van God met Israel van die stadium af dat die Here vir Moses gestuur het om Israel uit Egipte uit te lei. Tussen daardie tyd en waar ons vanoggend gelees het, het daar al veertig jaar verbygegaan – veertig jaar waarin Israel die nabyheid van die Here beleef het. Ondanks al hulle opstandigheid en koppigheid het die Here by hulle gebly en sy liefde en trou onophoudelik aan hulle bewys. In die barre wêreld van die woestyn het die Here vir hulle brood en vleis gegee. Waar daar nie eers 'n druppel water was nie, het Hy strome water uit 'n rots vir hulle gegee. Die Here het hulle so goed opgepas dat hulle klere in die veertig jaar nie verslyt het nie en hulle voete nie geswel het nie.

As Israel moes antwoord op die vraag: Hoe is die Here? sou hulle verseker ook kon sê: God is liefde. Hy is nog beter as 'n pa vir ons, want vir veertig jaar het Hy vir ons gesorg soos geen aardse pa kan doen nie. En Hy het ons tot op die drumpel van die beloofde land gebring.

Ons weet alte goed, broers, susters en kinders, wanneer 'n mens eers op jou eie voete staan en met krag vorentoe kan gaan, vergeet 'n mens maklik hoe sleg dit met jou in die verlede gegaan het. Die Here weet ook dat die mens maklik van Hom kan vergeet wanneer dit met die mens goed gaan. Daarom sê Hy vir sy volk:

**Neem jou dan in ag dat jy die HERE nie vergeet wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het nie.** (Deuteronomium 6:12 AFR53)

Om te keer dat die volk die Here vergeet herinner Hy hulle in die laaste onderrig van Moses aan die wet. Ons moet goed beseft dat die wet nie 'n uiterlike dwangbuis is nie. Soos die eerste keer by die berg Sinaï maak die Here dit ook by hierdie afkondiging van sy wet duidelik dat dit in die wet gaan oor liefde – die liefde van God vir sy volk en hulle liefdesantwoord daarop. Aan die begin van die wet en by die vierde gebod beklemtoon die Here sy liefde vir hulle wanneer Hy sê:

**Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.** (Deuteronomium 5:6 AFR53).

En ook:

**En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was, en die HERE jou God jou daarvandaan uitgelei het deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm;** (Deuteronomium 5:15 AFR53).

Kortom, die Here sê telkens met hierdie woorde vir sy volk: Onthou, Israel, Ek, die Here jou God, het jou tot die uiterste toe lief. Ek het alles gedoen om my liefde aan julle te bewys. Dit moet jy nooit vergeet nie. Daarom is die eerste ding wat die Here van sy volk verwag ook liefde. En as bewys dat Israel die Here liefhet, moet hulle hulleself voortdurend daaraan herinner:

**Die HERE onse God is 'n enige HERE** (Deuteronomium 6:4 AFR53),

en daarom het ons Hom lief. En die liefde vir die Here is nie maar net 'n gevoel van ek hou van God nie. Dit is liefde wat my heeltemal in beslag neem, my hele hart en my hele siel. Wie ek is en wat ek dink en sê is daarop gerig om my liefde vir die Here sigbaar te maak, asook al my kragte – alles wat ek doen, doen ek so omdat ek God liefhet. Nie maar net 'n deel van my nie – my hele menswees is betrokke in my liefde vir die Here.

Die Here het dus sy wet nie as 'n uiterlike dwangbuis gegee nie maar as 'n verklaring van sy liefde vir Israel en die manier waarop hulle God se liefde met liefde moet beantwoord. Om hierdie rede kan en mag die wet nie maar net woorde op papier wees nie. Dit moet in Israel se hart wees. Die Heilige Gees skryf God se geboorte op die tafels van 'n mens se

hart. Met die aanhoudende herhaling van die wet graveer die Gees die Here se liefdeswoorde in Israel se hart in, prent Hy vir hulle die enigste manier in hoe hulle God se liefde met ware liefde moet beantwoord.

Geliefdes, dit is nie net Israel wat hierdie uiterste liefde van God ontvang nie. Die woorde *bevry* of *verlos* wat die Here in die wet sê, laat ons ongetwyfeld aan Jesus Christus dink. Hierdie liefdesverklaring van die Here is ook vir ons. Johannes het dit neergeskryf:

**Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.** (Johannes 3:16 AFR53)

En dan hoor ons later by Johannes dat Jesus sy mense wat in die wêreld is liefgehad het, Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad (Joh 15:13).

Ja, broer, suster en kind, die Here Jesus het jou en jou en my tot die uiterste toe lief. Daarom het Hy alles in die stryd gewerp om ons ook te verlos. Jesus het sy hele lewe in die stryd teen die Satan gewerp om ons van die Satan se heerskappy los te kry. Hy het sy kosbare bloed gestort sodat God ook met jou en met my versoen kan wees. Dit is hoe lief God ons het.

Met sy liefde oortuig God ons dat Hy regtig vir ons omgee, dat Hy ons wil versorg en seën met 'n onuitspreeklike voorspoed. Hierdie voorspoed is nie noodwendig net altyd aardse voorspoed wat ons wil hê nie, maar voorspoed wat ons verstand ver te bowe gaan. Hy wil ons seën met die onuitspreeklikheid van die ewige lewe saam met Hom in sy heerlike teenwoordigheid. Dit gaan dus oor jou en my ewige bestemming na hierdie lewe.

Omdat die Here vir ons so tot die uiterste toe liefhet, wil Hy hê dat ons Hom ook tot die uiterste toe sal liefhê. Daarvoor het Jesus die Heilige Gees aan ons gegee. Die Gees graveer op die tafels van ons hart die gebooi van die Here. Hy prent by ons in hoe ons die Here moet liefhê. Ons liefde vir die Here word daarin duidelik dat ons die Here gehoorsaam. Ons rig ons hele menswees – ons hart, siel en hand – daarop om liefde aan die Here te bewys as antwoord op sy liefde vir ons.

Hierdie vereiste wat die Here stel, naamlik dat Israel en ons die Here moet liefhê en dat die gebooi in ons harte moet wees, is 'n voorvereiste vir die voorskrifte in vers 7 tot 9. Wat bedoel ons daarmee? Wanneer ons mooi let op die vereistes in die volgende drie verse dan hoor ons dat ons eerste aan ons kinders, daarna aan die mense wat saam met ons lewe en werk en uiteindelik aan elkeen wat by ons verbygaan deur ons woorde, gedagtes en dade moet vertel van die Here se liefde vir ons en ons liefde vir Hom. 'n Mens kan dit eers doen wanneer die gebooi van God in ons hart is en ons aan die hand daarvan ons liefde aan die Here bewys.

Pa en Ma, as die gebooi van die Here nie in julle hart is nie, sal julle nie oortuigend met julle kinders daaroor kan praat soos wat die Here dit van ons verwag nie. 'n Kind kom baie gou agter as 'n mens se woorde nie eg is nie. As ons nie regtig glo waaroor ons praat nie, sal 'n kind dit agterkom en dan baat al ons praterij net mooi niks nie. Bly eerder weg van die houding dat kinders moet doen wat jy sê en nie doen wat jy doen nie.

Die Heilige Gees bring ons dan by die volgende indringende vrae: Het ons grootmense die Here regtig met ons hele hart en siel en met al ons kragte lief? Beantwoord ons God se liefde in Christus vir ons met ware liefde? Kan ons kinders ons liefde vir die Here sien in ons handewerk en hoor hulle dit in ons woorde omdat die gebooi van God op ons harte

ingegraveer is? Broer en suster, my en julle verhouding met die Here is van die uiterste belang as ons aan die vereistes in vers 7 tot 9 wil voldoen.

Wat verwag die Here dan van ons volgens die vereistes in die volgende verse? Hy verwag dat ons sy gebooie by ons kinders sal inskerp. Ons moet steeds onthou dat dit in die gebooie gaan oor God se liefde vir ons en die manier waarop ons ons liefde aan Hom betoon. Ons moet dus ons kinders vertel hoe lief God hulle het. Die Heilige Gees gebruik vir jou, pa en ma, om die Here aan julle kinders bekend te maak. Hulle moet ook weet hoe persoonlik en intiem die Here met elkeen van hulle besig is en dat Hy hulle wil versorg en seën. Dit is immers deur ons grootmense se vertelling van God se liefde dat die Heilige Gees die gebooie op die kinders se hartstafels graveer. Vir die Here is dit belangrik dat nie net pa en ma nie, maar ook die kinders die Here sal liefhê met hart, siel en hand.

Hierdie geloofsgesprekke met ons kinders, geliefdes, is nie iets wat maar een of twee keer in die week gebeur nie. Die Here sê: doen dit:

**as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.**  
(Deuteronomium 6:7 AFR53).

Dus, oral en altyd moet ons met ons kinders geloofsgesprekke hê. As ons regtig besorg is oor ons kinders se verhouding met die Here, sal ons hierdie geloofsgesprekke nie versuim nie. Nou kan julle vra: Maar waar begin ons? 'n Plek om te begin is by die voorbereiding vir katkisasie wat ons kinders moet doen. Katkisasie is nie maar net 'n leerplan wat ons kinders moet deurgaen om eendag belydenis van geloof te doen nie. Katkisasie is die Here se besorgdheid en toewyding aan die kinders. Daarom, ouers, laat ons erns maak om ons kinders van die Here te leer, laat ons erns maak met ons kinders se voorbereiding vir katkisasie. Al kan ons kinders self voorbereiding doen, laat ons steeds met hulle oor hulle verhouding met die Here praat aan die hand van die katkisasielise. Ons het mos by die doop aan die Here belowe dat ons ons kinders sal onderrig in die Woord van die Here en nie net láát onderrig nie. Katkisasie is eerste pa en ma se verantwoordelikheid en dan die verantwoordelikheid van die gemeente.

Wanneer ons geloofsgesprekke met ons kinders het, is ons nie net besig om hulle van die Here te leer en hulle in hulle verhouding met die Here te begelei nie. Ons is ook besig om met ons woorde ons liefde vir die Here hoorbaar te maak. Maar ons liefde vir die Here moet ook sigbaar word vir die mense saam met wie ons werk en lewe. Daarom vereis die Here dat ons sy gebooie as 'n teken bind op ons hand en op ons voorkop. As die gebooie van die Here in ons hart is en ons onderwerp ons aan die leiding van die Heilige Gees, sal ons gehoorsaamheid aan die Here sigbaar word in die wyse waarop ons met ons hande werk en hoe ons dink en redeneer oor sake.

Verder moet ons lewe as huisgesinne en gemeente so duidelik ons liefde vir die Here sigbaar maak dat mense wat by ons huise verbygaan dit kan sien en hoor. Ja, ons moet so duidelik as kinders van God lewe dat dit vir die verbygangers is asof die gebooie van die Here op ons deurkosyne geskryf staan. Op hierdie wyse is ons besig om die groot dade van God se liefde vir die wêreld te verkondig. Dan is nie net sommige van ons nie, maar almal van ons besig om evangelisasiewerk te doen. Ons hoef nie allerhande kursusse te volg voordat ons van God kan vertel nie; ons moet maar net gelowig gehoorsaam aan die Here wees. Ons moet maar net God se liefde vir ons met liefde beantwoord.

Ons sluit af, geliefdes. Die Here ons God het ons tot die uiterste toe lief. Jesus Christus is die bewys van hierdie liefde en toewyding van die Here aan ons. Dit moet ons nooit

vergeet nie. Sodat ons God se liefde nie vergeet nie, vereis Hy dat ons Hom sal liefhê met ons hele menswees. Daarom moet ons let op die gebooie wat die Heilige Gees op ons hart skryf sodat ons dit ook by ons kinders kan inskerp en die mense saam met wie ons lewe en werk en hulle wat by ons verbygaan ook kan hoor hoe lief God die wêreld het. Mag die Heilige Gees ons so lei dat ons kinders in hulle verhouding met die Here kan groei en ander mense wat Hom nog nie ken nie 'n verhouding met Hom wil begin.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 18:1, 11, 12 (p. 71)

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.  
Die HEER's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,  
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrags van my heil,  
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 11 Sy ordening, dié was voor my, / ek het sy woord getrou gebly.  
Ek was opreg van hart voor Hom / en wou op onregspad nie kom;  
sodat die HEER, sy trou tot prys, / en na die reinheid van my hand,  
sy woord gegee het as my pand / en my my reg het toegewys.
- 12 Barmhartig, vol van derenis, is U vir wie barmhartig is;  
en wie opreg is, U sal hom / ook met opregtheid teëkom.  
By hul wat reinheid rein bemin, / hou U, die Heil'ge, U ook rein;  
maar vir wie leef in valse skyn, / is U ook self verkeerd van sin.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
25 Januarie 2015